# Drie

Nadat Nadia weg is, gaan sit ek by my rekenaar om aan die skoolkoerant te werk, maar ek kry niks uitgerig nie. Ek voel goor oor alles wat ek vir Nadia gesê het. Een ding is seker: Ek het elke woord verdien wat sy my toegesnou het. Ek en my groot mond. Wat het my besiel om so in Nadia se sake in te meng?

Met 'n sug kyk ek later na die horlosie onder in die regterkantste hoek van die rekenaarskerm. Dis al laat en ek het nog nie eens begin met my bladsy vir die skoolkoerant nie. Dit moet môreoggend voor nege by die redakteur wees. Ek sal myself moet dwing om vir eers van die bakleiery met Nadia te vergeet. Alet Krige, die redakteur, sal haar daarin verlustig om my te fire.

Partykeer wens ek ek was al klaar met skool sodat ek kan gaan studeer en by 'n koerant begin werk. Dit moet die wonderlikste werk op aarde wees – jy word actually betaal om die hele wêreld vol te vlieg, met beroemde mense te gesels en allerhande geleenthede by te woon. Niemand verwag van joernaliste om te trou en 'n rugbyspan kinders te kry nie, want hulle reis gedurig rond en werk ongereelde ure. En daar is niks so lekker soos om te weet ander mense lees die goed wat jy skryf nie.

Ek werk van die begin van die jaar af by die Doring, ons skoolkoerant wat maandeliks verskyn. Dis nogal 'n groot eer om al in graad tien op die redaksie te wees. Gewoonlik word net die matrieks en graadelfs gekies, maar Perfect Tense het gelukkig aanbeveel dat hulle my nou reeds kies. Sy weet ek wil eendag 'n joernalis word. Net jammer die redakteur – wat natuurlik in matriek is – het vir my die briewekolom en die grappiesblad gegee.

Maar dis darem 'n begin. My werkery Saterdagoggende by die plaaslike koerant, *Die Weekblad*, is ook aan Perfect Tense te danke. Dit was flippen nice van haar om dit vir my te reël. Ek kyk gereeld na die "Vakant"-advertensies in die koerante, en al die poste vir joernaliste vereis toepaslike ondervinding.

Ek maak traag my e-pos oop om te sien of daar enige briewe is wat ek in die briewekolom kan gebruik. Partykeer is daar briewe van ouers wat die skool bedank vir 'n geselligheid, of van onderwysers wat mense wil bedank wat gehelp het om goed te reël. Nou en dan stuur iemand 'n gedig of 'n grappie. Dis omtrent so opwindend soos 'n weerberig, maar ek troos my daaraan dat ek dit aan die einde van die jaar op my CV kan skryf.

Daar is net twee nuwe boodskappe. Ek klik my tong vies toe ek die eerste een lees.



**Ek is 'n aantreklike, ouerige noun op soek na 'n verb om met my te vervoeg in die perfekte concord. Ek is al jare lank verlief op Shakespeare, maar ander mans is welkom om aan my te skryf. Rig aansoeke aan Perfect Tense, per adres die Hoërskool Doringkloof. Komaan, maak my alleenheid iets van die Past Tense!**

**REPLY**

Watter idioot het dit nou weer gestuur? Ek delete die brief geïrriteerd.

Daar is baie keer mense wat probeer snaaks wees. Die Engels-onderwyseres loop gereeld deur onder die grapmakers. Dis so deksels onregverdig. Party kinders dink dis cool om grappies oor juffrou Riley te maak, net omdat sy nie getroud is nie, en omdat sy nie skroom om te veg vir vroueregte nie.

Ek glimlag toe ek terugdink aan die Engelsperiode van vroeër. Perfect Tense het duidelik die hele situasie terdeë geniet. Dink net, daar waag ek dit sowaar om vir Shakespeare aan te vat!

Ek maak die tweede e-pos oop, en begin lees ...